

DIE ROOI GEVAAR



LekkeLees.com

“Eina,” fluister Nallie toe sy vir die hoeveelste keer in ’n muur vasvlieg. Sy gaan sit op die kant van ’n tak en klap haar vlerke.

“Ek kan niks doen nie...” sug Nallie moedeloos toe haar ma aangevlieg kom en langs haar gaan sit.

“Hoekom kan ek nie ook soos die ander naaldekokers lyk nie, mamma?” vra Nallie en sug dat haar vlerkies bewe.

“Nou toe nou, daar is niks fout met jou nie ... net omdat jy anders lyk as almal en so bietjie in bome en wie weet wat alles vasvlieg, beteken nie dat jy nie ’n naaldekokker is nie ... dit beteken maar net dat jy ... jy... spesiaal is!”

“Gmf, spesiaal is wat ons vir miere sê as hulle in hul eie miershopies vasloop!” antwoord Nallie mismoedig.

Nallie skud haar vlerkies reg en skiet dan weer die lug in op. Sy is nou moeg dat al haar maatjies haar ignoreer net omdat sy lyk soos sy lyk! En wat is fout daarmee op bloedrooi te wees met geel kolle? Dit beteken mos nie sy is gevaarlik nie?

“Nallie, jy weet jy kan nie saam met ons speel nie,” kla Karel kriek toe Nallie op die gras langs haar maatjies gaan land.

“Hoekom?” vra Nallie kwaai, reg vir baklei.

“Sommer...” antwoord Snallie slak.

“Sommer is nie ’n rede nie, want ’n skilpad het nie ve...” voor sy haar sin kan klaarmaak word sy in die rede geval.

“Hou op sê ek het nie vere nie!” raas Skrillie skilpad.

“Julle ... julle is sommer simpel en ongeskik!” kry Nallie dit uit. Terwyl sy so kwaad raak besef sy nie dat haar gelaat nog rooier raak en die geel kolle nou al amper pers is nie.

“Kyk daar ... kyk daar!” skree die maatjies in ’n koor. “Sy raak alweer ’n draak!”

Nallie gee haar maatjies nog een kyk en vlieg met ’n vaart weg, maak ’n paar draaie oor hulle koppe en kom weer tot stillstand voor hulle verbaasde gesigte.

Mollie miskruier laat rol haar balletjie mis by die heuwel af van skrik en arme Skrillie skilpad het skoon sy stem verloor.

Die enigste een wat nog die moed het om iets te sê, is Karel kriek.

“Sien jy nou Nallie ... jy het ons almal amper doodgemaak ... jy ... jy het amper vuur gespoog!” oordryf Karel kriek.

“’n Naaldekokker kan nie vuur spoeg nie, dommie,” antwoord Nallie merkbaar geïrriteerd.

“Nou hoekom raak jy dan so rooi? Nie een van ons het soveel kleure as ons kwaad raak nie? Aikôna ... jy is giftig en as jy langer saam met ons speel, gaan ons dalk een van die dae dood!”

Hartseer kyk Nallie toe hoe haar maatjies haar met groot oë aanstaar en wag dat sy moet wegvlieg.

“Julle ... julle sal sien, julle gaan nog die rooi gevaarte nodig hê!” sê Nallie hartseer en begin haar vlerkies stadig klap om weg te vlieg.

Sy weet nie met wie sy nou gaan maatjies maak nie. Almal is bang vir haar en dink sy is een of ander monster net omdat sy anders as hulle lyk.

Sy probeer dink aan een maatjie wat nie sal dink dat sy gevaarlik is nie ... wie sal dit wees?

“Ah-haaaaa,” sê Nallie hardop. “Oupa Uil! Hy is die wysste van almal en hy sal weet wat ek kan doen om my maatjies terug te kry ... of hoe om ontslae te raak van hierdie ... hierdie rooi op my lyf,” praat Nallie hardop met haarself.

Sy fladder nog so twee keer rond voor sy koers vat na Oupa Uil se boomhuis in die ou akkerboom.

Nallie klop-klop met haar agterlyfie teen die stam by die opening van Oupa Uil se huisie.

Nallie hoor 'n geritsel en die volgende oomblik peul daar 'n snawel by die opening uit.

“Hee..ee..loooo...” kom die krakerige stem en sien Nallie hoe Oupa Uil verder uitleun met sy brilletjie skeef op sy snawel.

“Dis ek, Oupa Uil,” laat Nallie hoor en vlieg tot voor hom.

“Hierts, jou rooi gevaarte! Laat jy nou so ou man skrik...” sê Oupa Uil en wikkel sy brilletjie reg. “Nou waarmee kan ek help ou Nallie-kind?”

Nallie vlieg nog so paar keer voor sy by Oupa Uil se voete te lande kom.

“Ag, Oupa Uil, my maatjies wil nie met my speel nie. Hulle sê ek lyk soos 'n draak en ek gaan hulle nog eendag doodmaak.”

“Ai, nou watse snert is dit dan! Net omdat jy anders lyk, beteken nie daar is iets fout met jou nie ...intendeel, dit beteken jy het spesiale kragte wat hulle nie het nie.”

“Spesiale kragte...soos *super powers*?” vra Nallie verbaas.

“Ja, net so ...”

“Nou wat is my *super powers* dan, Oupa Uil?” vra Nallie nuuskierig.

“O nee ... dit gaan jy self moet uitvind.”

Oupa Uil draai om en skuifel weer terug by sy nes in.

Terwyl Nallie terugvlieg huis toe besluit sy om een laaste draai by haar maatjies te maak net om te kyk of sy hulle nie tog kan oorreed om saam met haar te speel nie.

Van ver af sien sy haar maatjies, maar iets lyk nie so lekker nie. Almal staan naby aan mekaar en kyk reg voor hulle. Dalk speel hulle 'n nuwe speletjie? Gmf, en soos altyd sommer sonder haar ook.

Sy mik vir die grond en besluit vandag gaan sy hulle 'n les leer! Sy gaan sommer met 'n groot spoed reg voor hulle voete te lande kom en vandag gaan sy nie "nee" vir 'n antwoord vat nie! Sy sal hulle mooi vertel dat hulle met haar maatjies moet wees, want die wyse Oupa Uil het immers gesê sy het 'n *super power*!

Nallie vlieg met 'n spoed en mik vir die oop kol gras voor haar maatjies se voete en waarna hulle nog steeds staar.

Nog voor Nallie mooi besef wat gebeur hoor sy net een harde geluid!

"TTTT-SSSS-SSSSSS!"

Eers toe Nallie amper op die grond is, sien sy hoekom haar maatjies so botstil staan. Voor haar in die gras lê Gielie groenslang en kyk na haar maatjies, min wetende dat die rooi gevaar wat op hom afpyl nie 'n draak is nie, maar 'n onskadelike naaldekker.

Met een beweging seil Gielie groenslang vinnig weg. Hy wou nog vir hom padkos vat, maar nee, daai draak sal hom vandag doodspoeg. Hy sal maar liewers op 'n ander plek gaan skoor soek, dink hy terwyl hy effens bang wegseil.

Nallie land met 'n harde slag reg by haar maatjies se voete.

Sy skud haar vlerke reg en vir 'n oomblik kyk sy en haar maatjies net woordeloos vir mekaar.

Dis Karel kriek wat eerste tot verhaal kom.

"Nallie ... DIE ROOI GEVAAR ... het ons vandag gered!! Sy is ons rooi beskermengeltjie julle! Sien, Gielie is sommer helemal weg!" skreeu Karel opgewonde.

Nallie se maatjies begin hard te juig en geluide maak om vir Nallie die beskermengel dankie te sê!

"Nallie, Nallie ... ons rooi engeltjie ... ons rooi engeltjie!" sing hulle terwyl hulle om Nallie loop.

Arme Nallie weet nie of sy moet lag of huil nie. Sy het sommer in een dag van die rooi gevaar in 'n rooi engeltjie verander! Dis amper te goed om waar te wees?

Oupa Uil was tog al die tyd reg. Sy hét *super powers*!

"Beteken dit ek ...ek mag maar saam met julle speel?" vra Nallie effe bang.

"Gmf..." antwoord Skrillie skilpad. "Natuurlik! Jy is nou een van ons!"

En met daardie woorde begin Nallie saam met haar maatjies die volgende speletjie beplan ... een waarvan sy nou ook deel is!

KOPIEREG WORD VOORBEHOU DEUR DIE SKRYWER.